

5 April

Skrifgedeelte: Lukas 22:14-30
Fokusgedeelte: Lukas 22:24-30

Wie is die belangrikste?

Dink jou net die ongevoeligheid in! Pas nadat die Here die tekens van sy liggaam en bloed as't ware in die skadu van die kruis aan sy dissipels gegee het, stry hulle oor wie die belangrikste is.

Is dit nie tog belangrik om uit te maak wie die belangrikste is nie? Wie sal die eerste keuse hê op 'n lekker porsie kos? En wie behoort die vuilwerk te doen? Die spreekwoord sê tog: Ek meneer en jy meneer, wie sal die wa dan smeer? Die Here sê: *“By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem”* (vers 25). Maar by die Here en in sy koninkryk gaan dit nie so nie. *“Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien”* (vers 26).

Die Here gaan ons self hierin voor. Hy dien ons tot waar Hy sy liggaam en bloed aan die kruis gee. Om nederig en diensbaar te wees is genade, só is jy in die oë van God groot.

Die Bybel spel belangrikheid en orde ook verder uit. Dink maar aan Efesiërs 5 en 6 en die orde in die huis: Die man is die hoof en die vrou onderwerp haar aan die man, maar vóór hierdie orde tussen man en vrou in die huis kom die belangrike gesindheid wat die orde bepaal: *“Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig”* (Efesiërs 5:21).

Uiteindelik is ons almal konings. Dit kan tog net gebeur waar ons, in navolging van die Here mekaar nederig dien.

Sing: Skrifberyming 15:2

Ds PA Odendaal (Evander)